Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 1, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE REHOBOTH-BASTERS EN DIE VESTIGING VAN DUITSE GESAG IN DUITS-SUIDWES-AFRIKA, 1884-1905[1]

**Dr G.J.J. Oosthuizen**
**Departement Geskiedenis, Pu vir CHO**

*A coherent group of people of mixed European and native ancestry left the Northwestern Cape Colony in 1868 and in 1870 settled in Rehoboth and its environment in the territory which later became known as German South-West Africa. By virtue of the German-Baster Friendship and Protection Treaty of Septeber 1885, the already acquired freedom and rights of these Basters were to a large extent confirmed. The Basters were however increasingly used by the Germans to assist them in subjugating the indigenous inhabitants. The Basters were furthermore, by means of the Military Treaty of 26 July 1895, bound to do military service. During the period 1893 to 1905 the Rehoboth Basters rendered valuable military assistance to the Germans in establishing their colonial rule.*

## DIE REHOBOTH-BASTERS VOOR 1884

Die Rehoboth-Basters, afstammelinge van blanke vaders en Khoikhoi-moeders, se ontstaan kan teruggevoer word na De Tuin in die afgesonderde Noordwes-Kaap waar hulle gedurende die negentiende eeu tot 'n omlynde gemeenskap onder invloed van Rynse sendelinge ontwikkel het. In 1868 het die Basters, vergesel deur sendeling J.C.F. Heidmann, dié geweste verlaat op soek na "*'n beloofde land* " noord van die Oranjerivier. Strewe na 'n eie grondgebied en onafhanklikheid het onder andere dié verhuising gemotiveer - ideale wat die geskiedenis van die Rehoboth-Basters tot vandag toe nog oorheers.[2] In 1870 het dié groepie mense, sowat 300 in getal, hulle ná 'n huurooreenkoms met Abraham Swartbooi, 'n Nama-kaptein, in Rehoboth en omgewing gevestig.[3]

Spoedig nadat hulle die grense van die Kaapkolonie oorgesteek het, het die Basters hulle egter midde in 'n hewige magstryd en 'n stryd om grondgebied bevind. Die vernaamste strydende partye met wie die Basters te doen sou kry, was die Herero's aan die een kant en aanvanklik die Afrikaner-Oorlams aan die ander kant. Gedurende die tagtigerjare het Hendrik Witbooi van die Witbooi-Namas dié onvergenoeglike stryd teen die Herero's voortgesit.[4]

Die Herero's was welvarende beesboere wat hulle in die gebied ten suide van die Ovambo's gevestig het. Laasgenoemde groep het die noordelike deel van Suidwes-Afrika bewoon. Die tradisionele suidelike grens van hulle woongebied het tot aan die Swakoprivier by Otjiseva en daarvandaan ooswaarts langs $23^0$ suiderbreedte gestrek.[5]

In die suide van Suidwes-Afrika, tussen die Oranje- en Swakoprivier, het verskeie Namastamme gewoon. Die Namas, oorwegend skaapboere en behorende tot die Khoikhoi, het uit sowat agt stamme bestaan.[6] Hulle geledere is gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu deur sogenaamde Oorlamgroepe uit die Kaapkolonie aangevul. Weens bloedvermening met onder andere blankes was die Oorlam, met die Afrikaners as die vernaamste

---

[1] 'n Spesiale woord van dank kom prof. P.D. van der Walt (emeritus-professor, PU vir CHO) toe vir die taalkundige versorging en nuttige wenke ter verbetering van die finale produk.


[2] G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters binne die konteks van die staatkundige verhoudinge tussen Suidwes-Afrika en Suid-Afrika, 1915-1939* (Ph.D., PU vir CHO, 1993), p. xi.

[3] E. Fischer, *Die Rehobother Bastards und das Bastardierungsproblem beim Menschen. Anthropologische und ethnographische Studien am Rehobother Bastardvolk in Deutsch-Südwest-Afrika* (Akademische Druck- und Verlagsansalt, Austria, 1961), p. 29; U.G. 41-1926, Rapport van die Rehoboth Kommissie, p. 31.

[4] G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters...*, pp. 16, 30-31.

[5] G. Pool, *Die Herero-opstand, 1904-1907* (HAUM, Kaapstad, 1979), p. 3; I. Goldblatt, *History of South West Africa from the beginning of the nineteenth century* (Juta, Cape Town, 1971), p. 11.

[6] H. Vedder, *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika. Gebeurtenisse in Suidwes tot aan die dood van Maharero in 1890* (John Meinert, Windhoek, 1937), pp. 56, 143-145.




*Prekoloniale vestiging in Suidwes-Afrika*

Bron : Van der Merwe, J.H. (Red.), Nasionale Atlas van Suidwes-Afrika (Namibië), Kaart 30.

groep, nie suiwer Khoikhoi nie. Die gebruik van vuurwapens het die Oorlam aanvanklik militêr-gewys 'n groot voorsprong bo die ander inheemse bevolkingsgroepe in Suidwes-Afrika gegee.[7] Die Oorlams het spoedig na hulle aankoms in Suidwes-Afrika met die Namas verenig in hulle stryd teen die Herero's.[8]

Die voorkoloniale vestiging (1868-1884) van die Rehoboth-Basters, wat strategies 'n "buffergebied" tussen die twee strydende groepe bewoon het, is gekenmerk deur vrugtelose pogings om neutraliteit te midde van die Herero-Nama-Oorlam-konflik te handhaaf. Die vestiging van Duitse gesag in Suidwes-Afrika is gevolglik deur die Rehoboth-Basters aangegryp om hulle eie posisie te beveilig.[9]

## SUIDWES-AFRIKA WORD 'N SCHUTZGEBIET

Die Duitse kolonisasie van Suidwes-Afrika spruit direk voort uit die optrede en ideale van die Bremense handelaar, F.A.E. Lüderitz. Vanaf 1 Mei 1883 tot en met 4 Julie 1885 het hy grond van verskeie hoofmanne gekoop om sodoende in besit te kom van byna die hele Suidwes-Afrikaanse kusstrook, sowat 148 kilometer die binneland in, tussen die Oranje- en Kunenerivier.[10]

Op versoek van Lüderitz het die Duitse Ryksregering in Augustus 1884 sy besittings onder beskerming geneem. Die Duitse Ryksregering was egter nie van voorneme om die gebied te

[7] J.P. van S. Bruwer, *South West Africa: The disputed land* (Nasionale Boekhandel, Cape Town, 1966), pp. 27-28; H. Vedder, *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika...*, pp. 198-201; J.H. Esterhuyse, *South West Africa 1880-1894. The establishment of German authority in South West Africa* (Struik, Cape Town, 1968), p. 3.

[8] J.P. van S. Bruwer, *South West Africa...*, p. 28.

[9] G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters...*, pp. 16; 27-31.

[10] O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes Deutsch-Südwest-Afrika* (John Meinert, Windhoek, 1974), pp. 13-15; J.P. van S. Bruwer, *South West Africa...*, p. 71; G. Pool, *Die Herero-opstand...*, p. 4.

koloniseer of te administreer nie, aangesien die Duitse Rykskanselier, Otto von Bismarck, van mening was dat die handelaars dit self moes bestuur. Die gebied was daarom nie 'n kolonie nie maar 'n Duitse *Schutzgebiet* (Protektoraat).[11]

Lüderitz se maatskappy het egter nie oor voldoende kapitaal beskik nie en is spoedig deur bankrotskap bedreig. Om te voorkom dat Lüderitz se besittings in die hande van 'n vreemde moondheid val, het 'n groep Duitse finansiers 'n maatskappy, die *Deutsche Kolonialgesellschaft für Südwestafrika*, in April 1885 gestig. Dié maatskappy is in September 1886 onder regeringstoesig geplaas.[12]

Die Duitse Ryksregering wou deur middel van *Schutzverträge* (beskermingsverdrae) met die Kapteins van al die inheemse bevolkingsgroepe poog om die Duitse handelaars te beskerm en die Duitse gesag oor die binneland van Duits-Suidwes-Afrika uit te brei. Die meeste beskermingsverdrae is tussen 1884 en 1895 gesluit.[13]

Kaptein Hermanus van Wyk van die Basters en sy Raadslede het reeds op 11 Oktober 1884 versoek dat "*uwe Keizerlyke Majesteit het niet maar met de bescherming over het kusten gebied moge laten blyven maar dezelve ook tot over ons uit testrekken.*"[14] Dié versoek om beskerming het op 15 September 1885 gelei tot die ondertekening van 'n Baster-Duitse Beskermings- en Vriendskapsverdrag.[15] Kragtens artikel een van dié ooreenkoms is die Basters verseker van die "allerhoogste beskerming" van die Duitse Regering.[16]



*Hermanus van Wyk, eerste Kaptein van die Rehoboth-Basters. (Nasionale Argief, Windhoek)*

Die Duitse beskermingsbelofte was egter aanvanklik net leë woorde, aangesien die Duitsers nie oor voldoende soldate in Duits-Suidwes-Afrika beskik het om enigsins aan enige inheemse groep beskerming te verleen nie.[17] Dié ongewenste toedrag van sake kon egter nie veel langer voortduur nie, en op 15 Januarie 1889 het Bismarck aangekondig dat Duitsland sy belange in Duits-Suidwes-Afrika sou beskerm.[18] Hy het die daad by die woord gevoeg, en in Junie 1889 het 21 Duitse *Schutztruppen* onder leiding van kaptein Kurt von Francois in Duits-Suidwes-Afrika aangekom.[19] Weens onder andere die strategiese ligging van Windhoek, tussen die Herero's en die Witboois, het Von Francois in Oktober 1890 sy hoofkwar-tier daarheen verskuif.[20]

---

11 G. Pool, *Die Herero-opstand...*, p. 4; G-M. Cockram, *South West African Mandate* (Juta, Cape Town, 1976), p. 9.

12 G. Pool, *Die Herero-opstand...*, pp. 6-7; O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, pp. 31-32.

13 G. Sudholt, *Die deutsche Eingeborenenpolitik in Südwestafrika von den Anfängen bis 1904* (Georg Olms, Hildesheim, 1975), p. 45.

14 Nasionale Argief, Windhoek (NAW) Quellen 22a, Brief De Basterds van Rehoboth/Keizer van Duitschland, 11.10.1884, p. 295.

15 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 36.

16 NAW Quellen 22a, Auszug aus dem Jahresbericht der Station Rehoboth vom Jahre 1885, Anlage 1, Beschermings- en Vriendschapstraktaat tusschen het Duitsche Ryk en de Bastards te Rehoboth, 15.09.1885, pp. 316-317; D. de Waal, *Report on the Inquiry in regard to the German-Bastard Question held at Rehoboth and other places in the Military Protectorate in June, 1915* (Government Printing, Pretoria, 1915), p. 32.

17 NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The history of the Rehoboth Basters*, p. 16; E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 36.

18 G. Pool, *Die Herero-opstand...*, p. 8.

19 I. Goldblatt, *History of South West Africa...*, p. 111.

20 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 162.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 1, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## K. VON FRANCOIS MISLUK OM DIE WITBOOIS TE ONDERWERP

Die Oorlamkaptein Hendrik Witbooi het egter volstrek geweier om 'n beskermingsverdrag met die Duitse Ryksregering te sluit en so sy onafhankliheid prys te gee, en het voortgegaan met sy strooptogte.[21] Om sy posisie te verstewig het Witbooi daadwerklike pogings aangewend om al die Nama- en Oorlamgroepe aan sy gesag te onderwerp. Met die dood van Jan Jonker Afrikaner, Kaptein van die Afrikaner-Oorlams, op 10 Augustus 1889, het hy sy doelwit bereik. Die Afrikanerstam het met die dood van Jan Jonker Afrikaner van die Duits-Suidwes-Afrikaanse toneel verdwyn.[22]

Onder die besef dat hy nie teen sowel die Duitsers as die Herero's kon veg nie, het Hendrik Witbooi begin om met die Herero's vredesonderhandelinge aan te knoop. Deur bemiddeling van Hermanus van Wyk, wat deur albei partye as 'n neutrale leier beskou is, is in November 1892 'n vredesverdrag tussen die Witboois en die Herero's gesluit.[23] Dié suksesvolle vredesonderhandelinge het 'n ernstige bedreiging ingehou vir Duitse heerskappy in Duits-Suidwes-Afrika. Rykskanselier von Caprivi het gevolglik 212 man en twee offisiere na Duits-Suidwes-Afrika gestuur. Die versterkings het op 2 April 1893 in Windhoek aangekom.[24]

Von Francois het Hoornkrans, vesting van die Witboois, op 12 April 1893 aangeval.[25] Die Witboois was onverhoeds betrap. Hendrik Witbooi het besef dat dit nutteloos sou wees om weerstand te bied en het daarom met die meeste van sy weerbare manne ontvlug. Vyf en tagtig Witboois, van wie 75 vrouens en kinders was, het gesterf, terwyl die Duitsers een man verloor het. Onder die indruk dat die Witboois se mag gebreek was, het Von Francois nie 'n besettingsmag by Hoornkrans agtergelaat nie.[26] Hy het hom egter totaal misreken, en in die daaropvolgende guerilla-oorlogvoering was die Witboois die beste daaraan toe.[27]

Hendrik Witbooi, wat in daardie stadium oor die inisiatief beskik het en wat die inheemse bevolking teen die Duitsers wou verenig, het 'n ernstige gevaar vir die nedersetting in Windhoek ingehou. Hy het byvoorbeeld daarin geslaag om die verkeer tussen die kus en Windhoek te ontwrig.[28] Boonop het Hendrik die Herero-leier Samuel Maharero versoek om saam met hom teen die Duitsers te veg, maar dié versoek het Maharero geweier.[29] Op 18 April 1893 het Hendrik 'n soortgelyke versoek aan Hermanus van Wyk gerig: *"laat ons de Duitsters tegenstaan voor onze land en natien."*[30] Die Basters wat weer eens kant moes kies tussen twee strydende groepe, het nie aan dié versoek gehoor gegee nie en het uit vrees vir die Witboois verskeie buiteposte in die Rehoboth-Gebiet verlaat.[31]

Met die Vriendskaps- en Beskermingsverdrag in gedagte het Hermanus van Wyk en drie lede van die Basterraad Von Francois in Windhoek genader en versoek om hulle teen die Witboois te beskerm. Von Francois het die geleentheid benut om die Basters te oorreed om saam met die Duitsers Hendrik Witbooi aan te val.[32] Tydens Von Francois se vrugtelose pogings om Hendrik Witbooi te onderwerp, het die Basters skouer aan skouer met die Duitsers geveg.[33]

Op 11 Mei 1893 het Von Francois en sy manskappe Windhoek verlaat,[34] en drie dae later het vyftig Basters by Rehoboth hulle geledere versterk.[35] Hoornkrans, wat intussen weer deur die Witboois beset is, is op 18 Mei aangeval, en na 'n kort skermutseling het die Witboois gevlug.[36]

Witbooi het intussen voortgegaan om die

21 G. Pool, *Die Herero-opstand...*, p. 8.
22 I. Goldblatt, *History of South West Africa...*, p. 112.
23 O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, pp. 53-54.
24 O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 53.
25 NAW Quellen 22b, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, Rehoboth, 21.04.1893, p. 384.
26 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 194.
27 NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The history of the Rehoboth Basters*, p. 18.
28 I. Goldblatt, *History of South West Africa...*, p. 114.
29 O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 57.
30 NAW Quellen 22b, Auzug aus dem Bericht über die Station Rehoboth von Januar-Mai 1893 von Missionar F. Heidmann, Anlage 1, brief H. Witbooi/H. van Wyk, 18.04.1893, pp. 391-392.
31 O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 57.
32 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 195.
33 NAW Quellen 22b, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, 13.10.1893, pp. 410-411; Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, Rehoboth, 29.01.1894, p. 412.
34 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 195.
35 NAW Quellen 22b, Auzug aus dem Bericht über die Station Rehoboth von Januar-Mai 1893 von Missionar F. Heidmann, pp. 389-390.
36 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 195.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 1, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

verkeer tussen Windhoek en die kus te ontwrig. Só byvoorbeeld het die Witboois op 25 Augustus 1893 'n groep transportwaens by Horebis aangeval. Dertien waens is verbrand, en die drywers en handlangers, meestal Basters, is doodgeskiet. Enkeles, onder wie die swaar verwonde oudste seun van Hermanus van Wyk, het ontvlug. Op dieselfde dag is nog vier transportwaens oorval, en die drywers en handlangers is op twee na almal vermoor. Voorrade wat die Witboois nie kon saamneem nie, is saam met die waens verbrand. Dié moorde het soos 'n skokgolf deur die Bastergemeenskap getrek, en die Basters het gehoop dat daar na die terugkeer van Von Francois vanaf Walvisbaai daadwerklik teen Hendrik Witbooi opgetree sou word.[37]

Von Francois, wat intussen twee kanonne bekom het, het op 24 September 1893 Windhoek verlaat om die Witboois vir die soveelste keer aan te val. Witbooi, wat vooraf inligting bekom het oor die Duitse opmars, het met sy hoofmag verder die Gamsberge in beweeg. Op 2 Oktober het Von Francois met 'n sterk agterhoede van die Witboois gebots, maar na 'n aantal kanonskote het die Witboois die berge ingevlug. Von Francois het weens 'n tekort aan voorrade besluit om nie die Witboois verder te agtervolg nie, maar om na Windhoek terug te keer.[38] Die Basters was bitter ontevrede oor Von Francois se optrede, aangesien hulle die mening toegedaan was dat hy ten minste alle moontlike ontsnappingroetes van die Witboois moes afsny en nie moes onttrek nie.[39]

Met die doel voor oë om die Witboois dop te hou en die Basters te beskerm het Von Francois op 6 Oktober 1893 militêre poste by Gurumanas en Tsebris ingerig. Die noodsaaklikheid hiervan het spoedig aan die lig gekom, want enkele dae later was die manskappe by die militêre pos by Tsebris in 'n geveg betrokke met 'n Witbooi-kommando wat op pad was om die Basters te beroof.[40]

Teen die einde van November 1893 was die Duitse mag slaggereed, en op 2 Desember 1893 het Von Francois Windhoek verlaat. Sy nuwe militêre strategie om die Witboois gedurende die nag te omsingel en dan die volgende môre aan te val het egter nie veel vrugte afgewerp nie.[41]

## MAJOOR THEODOR LEUTWEIN ONDERWERP DIE WITBOOIS

Von Francois se onvermoë om Hendrik Witbooi te onderwerp het hom baie kritiek vanuit Duitsland op die hals gehaal. Teen die einde van 1893 is majoor Theodor Leutwein na Duits-Suidwes-Afrika gestuur om ter plaatse ondersoek in te stel. Hy het in Januarie 1894 in Windhoek aangekom en het kort daarna Von Francois vervang. Leutwein se eerste militêre optrede was egter nie teen Hendrik Witbooi gemik nie, maar teen die oostelike Namas en Oorlams, wat nog nie die Duitse heerskappy aanvaar het nie. Hy het sowel die Khauas-Oorlams (Amraal se mense) as die Fransman-Namas (Simon Koper se mense) aan Duitse gesag onderwerp en met laasgenoemde 'n beskermingsverdrag gesluit. Om die bewegings van die Witboois te monitor en moontlike verkryging van voorrade te kortwiek, het Leutwein militêre poste in Namaland by Gibeon en Warmbad ingerig.[42]

Leutwein het daarna alles in sy vermoë gedoen om die Witboois onder Duitse beheer te kry. As eerste stap het hy met Hendrik Witbooi begin onderhandel en geëis dat hy hom ten volle aan die Duitse gesag moes onderwerp. Alhoewel Witbooi geweier het om sy onafhanklikheid prys te gee, was hy tog bereid om oor vrede te onderhandel. Terwyl hierdie onderhandelinge aan die gang was, het 'n Witbooi-kommando 'n Basterveepos aangeval en 'n groot aantal vee geroof. Leutwein het daarop 'n aantal kleinskaalse aanvalle op die Witboois geloods met die doel voor oë om vertroud te raak met hulle krygstaktiek,[43] maar het spoedig besef dat hy beswaarlik die Witboois met die mag tot sy beskikking tot oorgawe sou kon dwing.[44]

In afwagting van die beloofde versterkings van 250 Duitse soldate het Leutwein gevolglik vredesonderhandelinge met Hendrik Witbooi hervat, en is daar op 24 Mei 'n wapenstilstandsooreenkoms gesluit, wat op 1 Augustus 1894 sou verval.[45] Sowel Leutwein as Hendrik Witbooi het van die geleentheid gebruik

37 NAW Quellen 22b, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, Rehoboth, 20.09.1893, pp. 405-406.
38 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, pp. 198-199.
39 NAW Quellen 22b, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, 13.10.1893, p. 408.
40 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 199; O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 64.
41 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, pp. 199-201; O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 64.
42 O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, pp. 69-70; I. Goldblatt, *History of South West Africa...*, p. 114.
43 NAW Quellen 22b, Auszug aus dem Bericht über die Station Rehoboth von Mitte August 1893 bis Ende Mai 1894 von Missionar F. Heidmann, p. 415; J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, pp. 206-207.
44 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 207.
45 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 207.

gemaak om hulle onderskeie posisies te konsolideer.[46]

Hendrik Witbooi het reeds op 11 Julie 1894, drie weke voor die verstryking van die wapenstilstand, Leutwein skriftelik in kennis gestel dat hy nie kans sien om hom aan Duitse gesag te onderwerp nie.[47] Leutwein het besef dat die Duitse versterkings nie betyds sou opdaag om reeds op 1 Augustus Noukloof, Hendrik Witbooi se vesting, te bereik nie. Hy het gevolglik onverwyld luitenant Schwabe met alle beskikbare Duitse soldate en sowat 50 Basters na Noukloof gestuur om daar voor 1 Augustus strategiese posisies te beset.[48]

Eers op 27 Augustus 1894 was die Duitse magte slaggereed en is tot die aanval oorgegaan.[49] Die Duitsers kon eers teen die aand daarin slaag om die Witboois uit hulle stellings te verdryf. Daarna het nog skermutselings plaasgevind, wat eers teen 9 September 1894 beëindig is.[50] Aan Duitse kant het veertien man gesneuwel, terwyl nege swaar verwond is. In die geledere van hul Baster-bondgenote het drie gesneuwel en was drie swaar verwond.[51]

Vroeg in September het Leutwein 'n boodskap van Hendrik Witbooi ontvang waarin hy hom bereid verklaar het om hom en sy volgelinge onder Duitse gesag te plaas. Leutwein het persoonlik na Hendrik Witbooi vertrek, en op 15 September 1894 is 'n vredes- en beskermingsverdrag gefinaliseer en onderteken. Die volgende dag is 'n proklamasie uitgevaardig waarin die Vrede van Tsams aangekondig is.[52]

Die bepalinge van hierdie verdrag het heelwat kritiek in sowel Duitsland as Duits-Suidwes-Afrika uitgelok.[53] Vir die Basters, wat die Duitsers deurentyd lojaal ondersteun het, was dit beslis 'n onaangename verrassing.[54] Hendrik Witbooi het, alhoewel voortaan onderworpe aan Duitse gesag, Kaptein van die Witboois gebly. Op sy versoek is die Witboois se tradisonele woonplek met Gibeon as hoofsetel aan hulle teruggegee en sou Hendrik Witbooi boonop 'n jaarlikse toelae van 2 000 mark van die Duitse regering ontvang. 'n Militêre mag van 30 man onder leiding van 'n luitenant sou egter 'n wakende oog oor die Witboois hou.[55]

Die grootste skok vir die Basters was dat die Witboois nie ontwapen is nie en bowendien die gewere en ammunisie wat hulle van die Duitsers gebuit het, kon behou, terwyl hulleself daarenteen die gewere wat deur die Duitsers aan hulle voorsien is èn die oortollige ammunisie, moes teruggee. Die Basters was boonop oortuig dat die vrede van korte duur sou wees.[56]


Die skynbare Duitse ongevoeligheid jeens die Basters kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat Leutwein baie teleurgesteld was in die hulp wat hy van hulle gekry het. Hy het hulle inderdaad as oor die algemeen traag en lafhartig beskou.[57]

Die kritiek van Leutwein was nie geheel en al ongegrond nie, aangesien die meeste Basters hulle nie as soldate aangemeld het nie maar hulle toegespits het op die vervoer van militêre goedere teen hoë pryse. Kaptein Hermanus van Wyk het bowendien ook 'n laksheid geopenbaar om sy burgers tot militêre diens aan te spoor. 'n Ander faktor waarmee rekening gehou moes word, was dat die Basters nie vertroud was met die Duitse wyse van oorlogvoering nie maar meer vertrou het op, wat Heidmann genoem het, "*die versteckte Gefechtsweise*".[58]

---

46 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 208; I. Goldblatt, *History of South West Africa...*, pp. 121-122.
47 W. Reinhard (red.), *Hendrik Witbooi. Afrika den Afrikanern! Aufzeichnungen eines Nama Häuptlings aus der Zeit der deutschen Eroberung Südwestafrikas 1884 bis 1894* (J.H.W. Dietz, Bonn, 1982), pp. 190-191.
48 NAW Quellen 22b, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, Rehoboth, 27.08.1894, p. 417; J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, p. 209.
49 G. Sudholt, *Die deutsche Eingeborenenpolitik in Südwestafrika...*, p. 97; O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 71.
50 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, pp. 210-212.
51 NAW Quellen 22b, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, Rehoboth, 3.10.1894, p. 420.
52 J.H. Esterhuyse, *South West Africa...*, pp. 212-213.
53 O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 71.
54 NAW Quellen 22b, Auszug aus dem Konferenz-bericht der Station Rehoboth von Juni 1894 bis Mai 1895, von Missionar F. Heidmann, p. 425.
55 NAW Quellen 22b, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, Rehoboth, 3.10.1894, p. 420; O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 71.
56 NAW Quellen 22b, Auszug aus dem Konferenz-bericht der Station Rehoboth von Juni 1894 bis Mai 1895, von Missionar F. Heidmann, p. 425.
57 NAW Quellen 22b, Auszug aus dem Konferenz-bericht der Station Rehoboth von Juni 1894 bis Mai 1895, von Missionar F. Heidmann, p. 425.
58 NAW Quellen 22b, Auszug aus dem Konferenz-bericht der Station Rehoboth von Juni 1894 bis Mai 1895, von Missionar F. Heidmann, p. 425.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 1, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



*Bastersoldate, ca. 1895 (Nasionale Argief, Windhoek)*

## DIE MILITÊRE VERDRAG VAN 26 JULIE 1895

Leutwein het in hierdie stadium die sluit van 'n militêre verdrag met die Basters as noodsaaklik beskou, onder andere om hulle vertroud te maak met die Duitse wyse van oorlogvoering. Onderhandelinge rakende so 'n militêre verdrag het egter nie sonder probleme verloop nie. Die Basters was aanvanklik nie gretig om so 'n verdrag te sluit nie, en slegs die oorredingsvermoë van waarnemende goewerneur Von Lindequist, wat op 'n saaklike en rustige wyse die Basters se bedenkinge uit die weg geruim het en waarna Heidmann verwys het as "*die Passivität von Seiten des Kapitäns*", het die saak beredder. Die belofte van 'n jaarlikse bedrag van 1 000 mark aan Hermanus van Wyk, as vergoeding vir die nakoming van die verdrag,[59] het ook 'n deurslaggewende rol gespeel.[60]

Op 26 Julie 1895 is die militêre verdrag met die Basters gesluit.[61] Volgens dié verdrag, onderteken deur Von Lindequist en Hermanus van Wyk, moes die Basters in 1895 40 tot 50 man en daarna jaarliks 15 tot 20 man voorsien, wat ses weke lank militêre opleiding sou ontvang. Die Kaptein was daarvoor verantwoordelik dat die rekrute hulle op die tyd en plek soos deur die Goewerneur bepaal, sou aanmeld. Wapens en rantsoene is deur die Duitse Regering verskaf, terwyl die Basters vir hul eie perde en kleding moes sorg.[62]

Die Bastersoldate was 12 jaar lank na hul basiese opleiding dienspligtig, met onder andere die jaarlikse praktiese dril van twee tot vier weke. Die bevelvoerende offisier het oor die jurisdiksie beskik om geskikte Basters tot pelotonleiers te bevorder. Die Basters is net ten tye van oorlog besoldig, en Bastersoldate het 30 mark en pelotonleiers 40 mark per maand ontvang. Gedurende militêre diens was die Basters onderworpe aan militêre wette en was dit die taak van die bevelvoerende offisier om die belangrikste bepalinge spesiaal onder die Basters se aandag te bring. Die Duitsers het onderneem om so ver moontlik by te dra tot die versorging van weduwees en kinders van Bastersoldate wat buite die Rehoboth-Gebied sou sneuwel. Die Basterkaptein, Hermanus van Wyk, het, soos belowe, jaarliks 1000 mark

---

59 "Terugblik op die 1885 en 1895 ooreenkomste", *Die Taak*, Januarie 1972, p. 3.

60 NAW Quellen 22b, Auszug aus dem Bericht von Missionar F. Heidmann, 24.09.1895 (Rehoboth), pp. 428-429.

61 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, pp. 38-39; P. Pearson, *The history and social structure of the Rehoboth Baster community of Namibia* (M.A., University of the Witwatersrand, 1986), p. 126.

62 "Terugblik op die 1885 en 1895 ooreenkomste", *Die Taak*, Januarie 1972, pp. 1, 3.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 1, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

ontvang vir die nakoming van die militêre verdrag.[63]

Die praktiese toepassing van die verdrag het op 1 November 1895 'n aanvang geneem toe die eerste Basterrekrute hulle vir militêre opleiding by luitenant Schwabe aangemeld het. Hy het hulle binne ses weke, soos voorsien in die verdrag, die fynere kunsies van oorlogvoering geleer.[64] Hierdie krygsvernuf van die Bastersoldate sou hulle reeds die daaropvolgende jaar en baie jare daarna goed te pas kom. Hulle sou diens doen as soldate, spoorsnyers, transportryers en verkenners in die belangrike Duitse militêre veldtogte in Duits-Suidwes-Afrika.[65]

## ONDERDRUKKING VAN DIE VERSKILLENDE NAMA-, OORLAM- EN HERERO-OPSTANDE

Die eerste belangrike Duitse veldtog waaraan die Basters sedert die ondertekening van die 1895-verdrag deelgeneem het, was teen die Khauas-Oorlams en Oos-Herero's wat teen die einde van Maart 1896 verenig het in hulle verset teen die Duitse gesag. Die Oos-Herero's het gerebelleer teen die weiering van Leutwein om Gobabis by Hereroland in te sluit,[66] terwyl die Khauas-Oorlams hierin 'n geleentheid gesien het om van die onderdrukkende Duitse bewind ontslae te raak.[67] Die Bastersoldate het hulle tydens die gevegte by Gobabis, Siegfeld en Otjunda in April en Mei 1896 besonderlik onderskei, en vier van hulle het dekorasies vir dapperheid ontvang.[68] Een Baster het gesneuwel, terwyl drie verwond is.[69] Vier en dertig Bastersoldate het ook deelgeneem aan die kort veldtog in 1897/98 om 'n opstand van die Swartbooi-Namas te onderdruk.[70]

In Oktober 1903 het die Bondelswart-Namas van die verre suide in opstand gekom weens die inmenging van die plaaslike Duitse magistraat in hulle interne sake.[71] Van die altesaam 133 opgeleide Bastersoldate op hierdie tydstip[72] is ongeveer sestig opgeroep en het op 1 November 1903 onder bevel van kaptein Böttlin na die Suide gemarsjeer. Hulle het die opstandelinge bereik voor die Duitse troepe en het in die voorste linies geveg om die opstand te onderdruk.[73]

Terwyl die Duitsers en hulle Baster-bondgenote besig was om die die Bondelswart-rebellie in die kiem te smoor, het die groot Herero-opstand gedurende die tweede week van Januarie 1904 uitgebreek toe meer as 100 Duitse mans, soldate sowel as setlaars, onverwags oorval en vermoor is.[74] Leutwein was derhalwe genoodsaak om op 27 Januarie 1904 inderhaas vrede met die Bondelswarts te sluit en sy troepe noordwaarts na Hereroland te laat beweeg. Op pad soontoe is die Bastergeledere by Rehoboth met nog dertig man aangevul.[75]

Die vernaamste rede waarom die Herero's teen die Duitsers in opstand gekom het, was weens die verlies van groot dele van hulle tradisionele grondgebied aan blankes.[76] Samuel Maharero het op 11 Januarie 1904, kort voor die uitbreek van die Herero-opstand, twee briewe aan Hermanus van Wyk gestuur. Die een was persoonlik aan Van Wyk gerig, terwyl die ander aan Hendrik Witbooi besorg moes word. Daarna het nog twee ongedateerde briewe gevolg. In die briewe het Samuel Maharero sowel die Basters as die Witboois versoek om saam met hom teen die Duitsers in opstand te kom. Hermanus van Wyk het egter besluit om lojaal aan die Duitsers te bly en het die vier briewe aan die Duitse regering oorhandig.[77]

---

63 NAW Quellen 22b, Auszug aus dem Bericht von Missionar F. Heidmann, 24.09.1895 (Rehoboth), p. 427; "Terugblik op die 1885 en 1895 ooreenkomste", *Die Taak*, Januarie 1972, p. 3.

64 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 39.

65 Kaptein M. Bayer, lid van die leërstaf van die Duitse koloniale leër in Duits-Suidwes-Afrika, het in 1906 'n kort historiese oorsig van die aktiwiteite van die Bastersoldate die lig laat sien. Kyk M. Bayer, *The Rehoboth Baster Nation of Namibia* (Basler Afrika Bibliographien, Basel, 1984: translated from the German and edited with an introduction by Peter Carstens).

66 G. Pool, *Die Herero-opstand...*, pp. 24-25.

67 Kyk H. Bley, *South-West Africa under German rule 1894-1914* (Northwestern University Press, Evanston, 1971), pp. 8-13; I Goldblatt, *History of South West Africa...*, pp. 121, 124.

68 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 39.

69 M. Bayer, *The Rehoboth Baster Nation...*, p. 28; Volgens Fischer (p. 39) is twee Basters verwond.

70 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 39.

71 I. Goldblatt, *History of South West Africa...*, p. 129.

72 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 39.

73 M. Bayer, *The Rehoboth Baster Nation...*, pp. 30-31.

74 H. Bley, *South-West Africa under German rule...*, p. 149.

75 P. Pearson, *The history and social structure...*, p. 128.

76 G. Pool, *Die Herero-opstand...*, p. 29; Pool (pp. 14-54) bespreek breedvoerig die redes waarom die opstand uitgebreek het.

77 H. Bley, *South-West Africa under German rule...*, pp. 142-143; E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 40.

Die besluit om die Duitsers te ondersteun het nie sonder beroeringe in die Bastergemeenskap gepaard gegaan nie. 'n Groep Basters, hoofsaaklik van die laer sosiale stand, wat skuld gehad het, met die beperkings op brandewyn ontevrede was en niks gehad het om te verloor nie, wou nie die Duitsers steun nie. Daar was inderdaad sprake dat dié ontevredenes in opstand sou kom teen Duitse gesag. Daarenteen het die Kaptein, sy raadslede en al die vooraanstaande families en waarskynlik die meeste van diegene wat reeds Duitse militêre diens verrig het, hulle aan Duitse kant geskaar.[78] Die aankoms van 'n Duitse kompanie onder bevel van majoor Franke, wat die groot afstand tussen Gibeon en Rehoboth in ongeveer vier dae afgelê het, het die voornemende opstandelinge diep onder die indruk gebring van die vasberadenheid en doeltreffendheid van die Duitse soldate, en alle voornemens van 'n opstand het verkrummel.[79]

In die daaropvolgende onderdrukking van die opstand het die Herero's hardnekkig weerstand gebied, maar hulle was nie opgewasse teen die Duiters nie. Na gevegte by die Waterberg in Augustus 1904,[80] het die meeste Herero's na die onherbergsame Omaheke (Sandveld) gevlug. Samuel Maharero en van sy volgelinge het daarin geslaag om Betsjoeanaland (Botswana) te bereik.[81] Toe vyandelikhede uiteindelik teen Desember 1905 beëindig is, was daar slegs sowat 16 000 oorlewendes[82] van die geskatte vooroorlogse Herero-bevolking van tussen 60 000 en 80 000.[83]

Aan Duitse kant het negentig Bastersoldate geveg. Hiervan het ses gesneuwel, vyf weens siektes gesterf en is sewe verwond.[84] Die Duitse offisier, Bayer, was vol lof vir die Basters,[85] en sowat 'n derde van die Bastersoldate wat aan 12 gevegte deelgeneem het, het dekorasies vir dapperheid ontvang.[86]

Ook 'n aantal Nama-groepe het in 1904 teen die Duitsers gerebelleer. Onderdrukking van dié opstand in 1907[87] het 'n tydperk van betreklike orde en vrede, gekenmerk deur vooruitgang op feitlik alle terreine, in Duits-Suidwes-Afrika ingelui. As gedugte krygers, vertroud met die plaaslike omstandighede en die gevegsmetodes van die inheemse inwoners, het die Rehoboth-Basters ten opsigte van die vestiging van Duitse gesag geen geringe aandeel gehad nie, en is dienooreenkomstig ook met agting en tegemoetkomendheid deur die Duitse owerheid behandel.

---

78 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 40.
79 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 40; O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes...*, p. 129.
80 U.G. 41-1926, *Rapport van die Rehoboth Kommissie*, p. 43; G. Pool, *Die Herero-opstand...*, pp. 219-240.
81 I. Goldblatt, *History of South West Africa...*, pp. 131, 133.
82 G. Pool (*Die Herero-opstand...*, p. 278), verskil egter van Bley en beweer: "*Dit is feitlik onmoontlik om te bepaal hoeveel Herero's die opstand oorleef het.*"
83 H. Bley, *South-West Africa under German rule...*, p. 150.
84 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 41.
85 M. Bayer, *The Rehoboth Baster Nation...*, p. 33.
86 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards...*, p. 41; M. Bayer, *The Rehoboth Baster Nation...*, p. 36.
87 I. Goldblatt, *History of South West Africa...*, pp. 140-143.